



E. Barnard

# THUMELA

Thumela (send it away): stuur dit weg! ('n IsiXhosa woord)

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

1. tot siens meneer
2. het jy geskree
3. en vir oulaas gemaak ernstig
4. na 'n kennisgewingbord
5. met hordes sportaankondigings
6. en lyste eksamenroosters
7. wat jou nie meer kon raak
8. gestaar




*do something for the very last time*: vir die laaste maal

*pretending to be serious:* gee voor om ernstig te wees.

*notice board*: bord waarop inligting bekend gemaak word

hordes (*many, lots of*): 'n groot deurmekaar klomp

*sport announcements:* inligting oor sportgebeure

*gazed, stared*: strak aangekyk

9. Jou boeksak toe
10. met ’n wilde tol
11. die lug ingeskiet
12. en ’n geskiedenisboek gepos
13. sodat die blaaie
14. verward
15. oor die verlate skoolvierkant saai

*school bag*: sak met skoolboeke, ens.


*with a wild spin through the air*: met ‘n groot, sterk sirkelbeweging

*threw a book*: boek hard weggegooi

*untidy, tangled*: deurmekaar

*desolate*: leeg, daar is niemand meer daar nie

*scatter*: versprei



16. terwyl jy laggend
17. om ’n hoek verdwyn
18. gemaak geskok
19. het meneer weggedraai
20. maar ek het bly wonder
21. of dit vir jou
22. dan niks beteken

pretending to be shocked
… turned away



# Tipografie

Die wit (bladwit of spasie) in versreëls het 'n funksie in 'n gedig: dit dui dikwels tydsverloop aan, ' oorgang na 'n volgende gedagte of ter wille van beklemtoning, byvoorbeeld:

"en vir oulaas      gemaak ernstig".

Die gedig kan in drie dele verdeel word: In DEEL 1 lees ons van die skoolverlater se optrede; DEEL 2 handel oor die onderwyser se reaksie daarop en in DEEL 3 kry ons die spreker se gedagtes.

# Bespreking & Vrae

1. Wat is die betekenis van die titel en watter verband het dit met die inhoud van die gedig?

- 'n IsiXhosa woord wat beteken om iets weg te stuur en dit verwys na die leerder in die gedig wat die skool verlaat.

2. Wie is die 'meneer' in die eerste reël?

- Onderwyser

3. Dink jy die 'skree' in reël 2 is vanpas? Motiveer jou antwoord.

- Dit is onhoflik en swak maniere om op enigiemand te skree, maar die woord druk tog die bandelose vreugde van die leerder uit. Tog is dit duidelik uit die leerder se gedrag met sy boeksak en geskiedenisboek dat hy ietwat ongepoets is.



4. Waarom dink jy is die aangesprokene (die jy) se 'staar' na die kennisgewingbord met 'sportaankondigings' en eksamneroosters' onnodig?

- Dit het geen betrekking op hom meer nie; hy het die skool verlaat.

5. Die leerder gooi sy geskiedenisboek in die lug. Wat doen hy nog om sy uitbundigheid uit te druk?

- Gooi sy skoolsak in die lug.

6. Watter betekenis kan jy daarin lees dat die aangesprokene spesifiek sy 'geskiedenisboek' in die lug gooi?

- Nie duidelik uit die gedig nie – miskien was dit die eerste beste boek / vak waarvan hy die minste gehou het; maar dit kan ook 'n verwysing na sy skoolgeskiedenis wees en sy blydskap dat dit verby is

7. Haal die woord in reël 16 aan wat die uitbundigheid van die aangesprokene omskryf.

- ‘laggend’

8. Verduidelik die teenstelling ‘gemaak geskok’ (reël 18) binne die konteks van die gedig.

- Die onderwyser gee voor dat hy geskok is, maar eintlik is hy nie. Hy ken waarskynlik hierdie tipe gedrag (sien dit elke jaar op die laaste dag), of miskien verbaas die ongepoetste gedrag van dié spesifieke leerder hom glad nie.

9. Waaroor dink die spreker in die laaste reëls van die gedig?

- Of die aangesprokene se skooljare dan geen waarde vir hom gehad het nie.

10. Dink jy die aangesprokene se gedrag op sy laaste skooldag is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord.